Ps. 66: 1,7.
Ges. 100: 3,4.
Ges. 95: 6

**Die Stryd om d. Nagmaal** K/Potch 28 Julie 57

Joh. 6: 28-35; 47-58
1 Kor. 11: 23-26 (S 29)

1 Kor. 11: 24 + Neem, eet: dit is my liggaam wat vir julle gebreek word

Dis belangrik om daarop te let dat van die 52 Sondagafdelinge in ons H.K. nie minder as 3 aan d. saak v.d. Nagmaal gewy word nie: 'n bewys van hoe ernstig en heftig die stryd i/s d. Nagmaal gewoed het tussen Rome, Luther & Zwingli & Calvyn (waar veral S 29 handel) – Transsubstantiatie. Dis duid. dat ons Geref. Kerkvaders dit van groot belang geag het dat die hele Kerk presies sou weet wat alles i/d Nagmaal opgesluit is.

En as iemand v/d ons vra: Maar is al h/d. vrae en antwoorde nou nodig vir ons Xt. lewe? Is dit nie 'n onnodige gekibbel oor nietige dinge? Dan antwoord ons: is dit nie juis ons moeilikheid dat ons vdag glad te min weet v.d. Nagmaal? Dat ons d. volg. week nie eens meer onthou dat ons d. vorige week Nagml gevier het nie: ons ~~on~~gelowiges kan dit nie spesiaal ~~bemerk~~ nie en d. wêreld kan dit nie eens bemerk nie! Vra maar uself af: het elk van d. vorige Nagml 'n meer gelowige en toegewyde Xten geword? Meer vrugbaar, versekerd? Of ... het d. Nagml soos 'n skip i/d donker nag by my verbygegaan?

In h.d. Sond. afd. (29) twee vrae en twee antwoorde (Vr. 78 & 79) wat d. stryd & d.d. tyd weergee soos volg lui:

Vr. 78: Word die brood en wyn dan d. wesenlike liggaam en bloed van Christus?

Vr. 79: Waarom noem Christus dan die brood sy liggaam en die drinkbeker sy bloed, of: die nuwe Testament in sy bloed en Paulus: die gemeenskap v.d. liggaam en bloed v. Christus?

## I Wat by die Nagmaal nie Gebeur nie:

Op hd. vr. (78): „Word die brood en wyn dan die wesenlike liggaam en bloed v Christus?" antwd. d. Roomse Kerk: Ja. Die oomblik as d. brood gebreek word & d. wyn ingeskink word dan verander, deur 'n Godswonder, d. brood en wyn i/d liggaam & bloed v. J.X. Ook Luther het hd. beskouing nog letterlik wou uitlê en toepas. Albei se bedoeling was goed: om d. teenw. v. J.X. a.d. Nagml.-tafel te bevestig — maar gesoek in verkeerde rigting omdat hulle wou hê dat Jesus liggaamlik na ons moes afdaal i/d brood & d. wyn, i/pv. dat ons ons harte geest. moes ophef na d. hemel waar Christus is.

Daarom wys d. Kateg. hd. verkeerde opvatting af in d. volg. wde.: „Nee, maar net soos d. water i/d Doop nie i/d bloed v. Xtus verander nie en ook nie d. afwassing self v.d. sondes is nie — waarvan dit alleen 'n Godd. waarteken en versekering is — so word ook d. brood i/d Nagml. nie d. ligg.-self van Christus nie, ofskoon dit na d. aard & d. eienskap v.d. Sakramente die liggaam v. X.J. genoem word".

Soos d. water by d. Doop alleen d. vergewing v. sonde afbeeld, so (+ verseker) deur d. brood & wyn by d. Nagml. En as Rome vra: Maar wat dan v. J.X. se uitspraak: „Dit is my liggaam"? dan antw. ons: Dis Sy fig. taal (sakram. taal) soos Sy: „Ek is d. wynstok, Ek is d. deur, Ek is d. Goeie Herder" of soos in ons spraakgebruik: „Dit is my ouma daardie" (wysende na portret) of: „Hier het ek £100 (tjek in hand)

Maar as Rome of ander nou sou vra: Maar beteken dit dan dat X.t. glad nie teenw. is nie? dan antw. ons: O nee, dis waar: Xtus is wesenlik teenw. a.d. Nagml., maar dis 'n geest. teenwoordigheid — deur Sy H. Gees! Hy is nie net teenwoordig in ons gedagte of verbeelding nie — nee, Hy is kragdadig teenwoordig! Sy heiligheid vul Sy Huis, sy Gemeente!

→

## II Wat by d. Nagml. wel Gebeur:

Dit lei ons dan om aandag te gee aan Vr. 79 en die antw. daarop: „W/om noem Christus dan die brood sy liggaam en die drinkbeker sy bloed of die nuwe testament in sy bloed en Paulus: die gemeenskap van die liggaam en bloed van Christus?" (Lees d. antwoord indien nodig!)

In die antwoord staan daar 2 woorde wat vir ons van belang is om ons te oorweeg: wat Xtus ons wil leer en wat Hy ons wil verseker:

① Wat Xtus ons wil leer: „dat, soos brood en wyn hierdie tyd. lewe onderhou, so ook sy gekruisigde liggaam en sy vergote bloed die waaragtige spys en drank is waardeur ons siele tot d. ewige lewe gevoed word". Hier in die Nagmaal kom Xtus dus met 'n aanskoulike les & gee Hy ons d. tekens v. brood en wyn om ons gedurig daaraan te herinner: Onthou dat d. mens nie net 'n liggaam het nie, maar ook 'n siel, 'n onsterflike siel wat gevoed en versorg moet word! Onthou dat u altyd vir u liggaam sal wil versorg, u tydel. behoeftes, u sigbare nood — en dat u as mens vir later dink aan sy siel! En nou kom J.X en Hy herinner ons in d. Nagml. aan hd. 2 groot waarhede:

(1) „Die mens kan van brood alleen nie lewe nie":
wat sal d. mens gee as losprys vir sy siel?
Wat baat dit d. mens as hy d. hele wêreld win
maar skade ly aan sy siel?

(2) „Ek is d. brood v.d. lewe" JX. d. ewige dood
ingegaan om ons d. ewige lewe te gee! Daarvan is
sy gekruisigde liggaam en sy vergote bloed d. ewige
getuienis! Daarom sê Hy ook in Joh. 6:53 – „Voorwaar,
voorwaar Ek sê vir julle, as julle nie die vlees v.d.
Seun v.d. mens eet en sy bloed drink nie, het julle
geen lewe in julleself nie"
→ Glo ons dit werklikwaar? Dat Jesus d. brood v.d.
lewe is?

② Wat Xtus ons wil verseker: a) „dat ons net so
waarlik sy ware liggaam en bloed deur die wer-
king v.d. H.G. deelagtig word as wat ons hierdie
heilige waartekens met die ligg. mond tot sy
gedagtenis ontvang"
Verklaring: Die lewe van 'n ongebore kindjie is 'n
ander lewe as d. moeder s'n, maar tog is dit een
met dié v.d. moeder omdat d. lewe v.d. moeder
gedurig oorgaan in dié v.d. kind. So gaan, deur d.
werking v.d. H.Gees, d. lewe v Xtus in my oor:
„Ek leef nie meer nie, maar Xtus leef in my!"
→ Is dit wat ons glo, wat ons soek, wat
ons ondervind i.d. Avondmaal? Indien nie,
moet u nie vra: Wat is verkeerd?